

## Psalm 16

As alles met jou goed gaan en die lewe jou goed behandel is dit maklik om te sê: "die Here het vir my 'n lieflike deel afgemeet" (6).

Maar dit is nie hier met Dawid die geval nie. In die eerste vers pleit hy God om hom te beskerm en om sy skuilplek te wees. Om hierdie gedeelte aan 'n spesifieke tyd in Dawid se lewe te koppel was moeilik want hy was gedurig in gevaar. Tog lei Dawid se gedagtes hom daartoe om die pragtige erkenning in vers 5 te maak: *Here U is my lewe, U sorg vir my, U het vir my 'n lieflike deel afgemeet, wat ek ontvang het, is vir my mooi.*

Dawid verstaan dat dit wat in sy lewe gebeur nie maar net gebeur nie, maar dat God daarvoor beskik asof Hy dit self afmeet en vir elkeen sy bestemde deel gee.

Ons kan wonder hoe dit moontlik is dat Dawid in lewensgevaar verkeer en terselfdertyd kan bely dat God vir hom 'n lieflike deel afgemeet het. Hoe kan ons in 'n hospitaalbed lê en lyding ervaar, hoe kan ons doodstyding aanhoor, die slegte nuus van die dokter oor my kanse op genesing aanhoor,

langs 'n graf staan en van harte bely "Here U het vir my 'n lieflike deel afgemeet.

Die antwoorde lê in vers 7. *Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het.* Om die altyd-goeie van die bestaan in te sien lê nie soseer in wat met ons gebeur nie, maar in die regte verstaan daarvan. Dit is alleen deur geloof in God en kennis van sy wil dat ons kan uitstyg bo die smart van die wêreld. Die smart gaan met ons wees tot die einde van die wêreld. En al wat ons het, is om vas te hou aan God se beloftes.

**Alleen in die geloof in  
God kan ek beproewing  
deurstaan**



Publikasie  
Publication



Nr./No.: H43